Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

# ALLEREERS

## Deel 2 – 'n Hart Oorgegee

**2 Konings 22:18** …So sê die Here die God van Israel: Ek het daarop ag geslaan dat jy in jou hart geraak is deur die woorde wat jy gehoor het en dat jy jou klere geskeur en gehuil het voor My, en dat jy berou getoon het voor My, die Here, toe jy hoor wat Ek sê oor hierdie plek

**2 Konings 23:25** Daar was nie voor hom nog so 'n koning soos hy wat hom tot die Here bekeer het met sy hele hart en siel en met al sy kragte in ooreenstemming met die hele wet van Moses nie, en ná hom was daar ook nie so 'n koning soos hy nie.

## Daniël

**Daniël 1:6** Onder hierdie Judeërs was daar Daniël, Gananja, Misael en Asarja

### 1. Daniël kies wie hy sal dien

**Daniël 1:8** Daniël het hom voorgeneem om hom nie met die koning se kos en wyn te verontreinig nie

### 2. Daniël leef sy oortuigings uit

**Daniël 2:27-28** …"Die raadgewers, die voorspellers, die towenaars en die sterrekykers is nie in staat om die droom waaroor u navraag doen, vir u te vertel nie. Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime kan openbaar

**Daniël 2:47** …"Werklik, julle God is die grootste van al die gode…

**Daniël 3:6-7** Wie nie buig en die beeld aanbid nie, sal onmiddellik in 'n brandende oond gegooi word. Daarom het al die volke, nasies en taalgroepe…voor die goue beeld wat koning Nebukadnesar laat oprig het, gebuig en dit aanbid.

**Daniël 3:17-18** Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie.

### 3. Daniël vestig dissiplines om sy keuses en oortuigings te versterk

**Daniël 6:6** Hulle sê toe vir mekaar: "Ons sal niks teen hierdie Daniël kry nie, behalwe as ons iets kan kry in verband met sy godsdiens."

**Daniël 6:11** Toe Daniël hoor dat die dekreet uitgevaardig is, het hy na sy huis toe gegaan. Sy dakkamer se venster het na Jerusalem se kant toe gekyk en soos sy gewoonte altyd was, het Daniël voortgegaan om drie maal per dag voor sy God te kniel en Hom te prys, te aanbid en te dank.

**Markus 12:30** Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.

*Alle verse uit AFR83 behalwe as anders verwys*